Dié week 'n Gucci, volgende week 'n Dior

Jy kan elke week met 'n ander ontwerpershandsak rondloop, het CORLIA GOOSEN uitgevind. Die geheim is eenvoudig – jy huur dit!

Een van die handsakke by Designer Bags te huur: 'n Louis Vuitton Tivoli.
FOTO: DESIGNER BAGS

Louis Vuitton, Gucci, Dior, Prada.

Dié name laat menige vrou se oë sommer glinster en as jy so 'n ontwerpershandsak oor jou skouer kan gooi, sal jou hart tien teen een ook sommer vinniger klop.

Archana Sinha het verlede jaar die onderneming Designer Bags begin wat dit vir die werkende middelklasvrou moontlik maak om ook soos bekendes 'n ontwerpersnommertjie oor haar skouer te dra, maar teen 'n bekostigbare prys.

"Ons fokus meestal op modebewuste, werkende vroue wat nie noodwendig ontwerpershandsakke kan bekostig nie, maar wat dit ook graag wil dra," vertel sy oor haar onderneming, wat dié eksklusiewe handsakke uithuur.

Designer Bags is in Johannesburg geleë, maar nie net Gautengers beskore nie. Sinha sê sy het klante oor die hele land.

As 'n klant byvoorbeeld in Port Elizabeth woon, stuur Designer Bags die handsak per koerierdiens na die klant.

Die koerier sal ook weer die handsak by die klant kom oplaai nadat die huurtydperk verstryk het.

Wanneer die handsak aan Designer Bags teruggesorg word, word dit skoongemaak en gepoleer om perfek te lyk vir sy volgende tydelike eienaar.

'N WEEK OF TWEE, 'N MAAND

Volgens Sinha is daar 'n opsie om 'n ontwerperhandsak slegs vir 'n spesifieke geleentheid te huur. Die minimum tydperk is egter 'n week.

Vroue kan ook 'n maandelikse bedrag betaal en dan twee handsakke in 'n maand gebruik. Die een handsak word ná twee weke verruil vir die ander een.

JOU SAK SE SAKE

Jy sal R700 tot R1 200 per week betaal, afhangende van die handsak wat jy huur.

Jy sal ongeveer R2 280 per maand betaal vir die maandelikse opsie met twee handsakke.

Sinha sê Designer Bags neem wel versekering uit op die handsakke, maar sy beveel aan dat alle klante ook versekering hierop uitneem, aangesien Designer Bags wel geld vra indien die handsak beskadig word of wegraak.

■ Die webwerf www.designerbags.co.za het nog inligting.